

Nomades Voetslaanklub Roete-terugvoer  
**Uitsoek: Bakkrans dagstap +**  
**Kaapchehoop driedag-Rugsakstap.**  
 Donderdag 27 April tot Maandag 1 Mei 2017.

**UITSOEK  
 HIKING TRAIL**

Uitsoek Hut



**Kaapsche Hoop Hut**

Barretts Coaches



Vanaf die N4, deur die Middelburg en Mchado Plaza, verby Water-onder en Boven, tot by die R539-Sapie pad, dan sowat 20km in verby die Sudwala grotte tot by die Uitsoek hut net agter die 'Office' van die



'Uitsoek' bosbou stasie. Die laaste end grond. Donderdagaand by die Uitsoekhut geslaap. Luuks. Met Elektrisiteit en Water. Die huis is basies met 3dubbele stapelbeddens met matrasse. 'n Kombuis wat net 'n wasbak in het en 'n werkoppervlak. Geen toerusting of kook/eetgerei verder nie. Daar is egter 'n lekker groot-lang kuier-kamer met 4 'piekniek' banke. Buite is ook 'n lekker braai-area onderdak. Hout word voorsien. Ons is 9 wat hier oorslaap.



Vrydag oggend 7:30 is die dagsakkies gepak vir ons 'opwarmings' stappie vir die Kaapche hoop rugsakstap wat die volgende dag sal begin. Ons stap die Bakkrans dagstap. Blykbaar heelwat makliker as die oornag-rugsakroete van Uitsoek. Sowat 11km. Wilna

Moolman, Dave Hale, Wilma Hale, Elsabe During, Sanet Burger, Marius Stander, Jannes van Ryssen, Erna Lubbinge en Everdt Combrinck stap saam. Nege siele.

Day Walk  
**BAKKRANS**  
 Dagstap



2017/04/28  
 WM



Op met die bospad, dan in die inheemse woude en weer uit op 'n stukkie bosboupad. So wissel bospad en bosboupad mekaar af. Nie te styl op nie. Dit help ook dat ons nie ons groot oor-nag-rugsakke hoef te dra nie, net versnapperings. Mooi varings en padastoele oral. Ook 'n paar houtbruggies wat party somer sonder onderlangs deur klim. Ook verby die 'Nguni ruins'. Dan die Bakkrans waterval (S25.27285 E30.55177) waar ons afpak en heerlijk versnaperings geniet. As dit warmer was sou jy ook heerlijk hier kom swem. Mooi, o so mooi. Dan hoofsaaklik al langs 'n rivier af. Ons kruis oor die 10 bruggies vir die dag. Party van ons



groep doen dit aansienlik versigtiger as ander. Mooi natuur. Die laaste entjie moet jy mooi fokus, met al die ander paadjies by bykom. Verby 'n groot bos met groot verrimpelde 'balle', maar ons praat nie verder daarvoor nie, veral nie die ouer manne in die groep nie. En nog bruggies. Lekker stewig die meeste van hulle met sifdraad oor om bietjie gly te keer.



Dan deur nog mooi stuk natuurlike bos en reuse plante met masiewe blare en blomme. Die laaste opdraantjie en verby ons motors en dan terug by die Uitsoekhut (S25.29128 E30.58242)

Ons hoop vir 'n heerlike warm stort, maar word teleurgestel aangesien daar geen water is nie. Laaste tee gemaak uit ons waterbottels en met die elektriese ketel wat saamgebring is.

Ons pak toe maar in en neem die grondpad terug na die N4 en dan die Ngodwana en Kaapchehooppad, verby Kaapche hoop dorpie en afdraai rigting Berlin bosboustasie na die Barrets treinwa-stapperskamp (S25.56041 E30.74133).



Hier sluit Fritz van Deventer, Helga Gombert; Louis en Liam Mitchell; Isabel Baatsen; Wouter en Renee Crous by ons aan.

Nou is ons 16. Erna stap nie saam nie, maar kuier by Barrets en Kaapchehoop hutte saam met ons.

2017/04/29 WM



Die Standaard pasasierswa waarin van ons slaap het 5 dubbel kajuite(slaap maksimum ses elk) en drie enkel kajuite(slaap 3 elk), maar daar is genoeg plek sodat elkeen 'n onder bed het. 'n Jonger paartjie asook 'n 3de groep wat die dag vanaf Florens hill hut, rugsak gestap het, sluit by ons aan. Redelik vol. Daar is 'n 2de hoër-klas treinwa wat net 2 beddens op mekaar het, teenoor die 3 van die standaard klas. Hier is ook krag met lig in elke kajuit, behalwe as gloeilampe 'verskuif' word. Die twee treinwaens het maar beter dae gesien en is ook nie so mooi skoon nie. Die nou, gladde, kort slaapbankies is ook vir sommige van die langer persone 'n uitdaging. Dit lyk volgens 'n bordjie op 'n wa dat die Gold Fields stiging in 1987 die waens geborg het, wat deur die Nasionale Voetslaanpadraad erken word.



'n Aparte ablusieblok vir die manne is twee storte en 'n sitplekkie. Ek glo die dames het 2 storte en 2 sitplekkies gehad. Ook weer 'n onderdak braai-plek met hout wat voorsien word. Hier is ook 'n elektriese prop om 'n ketel te kook(bring self saam) of om die selfoon die laaste keer te laai as dit moet. Dit raak ook maar koel hier in die aand.

Saterdag oggend staan almal vroeg op en skarrel en sorteer die laaste goete uit vir die rugsakpak en die 'LosInDieMotor' hopies. 7:30 Is almal gereed soos toerleier Jannes ons die vorige aand ingelig het ons moet wees. Wilna neem die gebruiklike groepsfoto en ons is oppad. Eers gaan parkeer ons die motors by die Berlin bosboustasie/kantoor waar 'veiliger' parkering is volgens 'n bord en kampopsigter. Net so 500m vanaf Barrets 'treintrokke' soos party stappers die waens genoem het. Rugsakke op en nou regtig op-pad.

'n Stukkie bosboupad en dan Af 'n klofie en weer OP. Al onder die krans langs. Vergesigte op die uitgestrekte valei hieronder links van ons. Verby 'n klein grotjie. Ek voel energieloos, maar moet aangaan. Die pad is lank. Uit die 'kranspad' en asem geskep bo-op die groen 'baan' (sien pyltjies regs) tussen die skerp af valei en die bosbou-plantasies waar ons die volgende paar uur sal loop. Geskenkte energie-gel en re-hidrate gee my amper weer 'vlerke'.



Verby die Starvation Creek waterval se bo-kant. Ek is nie seker of mens hom beter kan sien nie met 'n ander pad nie. Dit is Steil af daar. Bietjie mis en kort stukkie sagte reën met tye gehad ook op die pad. Dan 'n entjie OP met 'n kleiner bospad en later 'n entjie met 'n groter bospad. Op in die mooiste klofie met sy vreemde rotsformasies en stroompie en hemelhoë boomvarings met hul voete in die water.



Na nog 'n kort oppie dan by die Wattels hut(S25.51833 E30.76750). 'n Baie netjiese ou steen huis. Heerlik ruim. Genoeg beddens. Stoepkamers is toegebou en dit maak dit 'n 6 slaapkamer huis. Stapelbeddens met lekker matrasse. Geen krag of lig nie, maar die warmwater word voorsien per donkie aan die twee badkamers met twee storte elk en die kombuis wasbak. Die dag se afstand was 'n Lang en uitputtende sowat 16km. Soms dalk net meer aanhoudend met dieselfde tipe terrein as werklik so uitputtend. Matig op die laaste helfde. Sien die profiel heel onder. Sommige braai ook in die buite-braai-geboutjie, maar dit raak koud buite. Die meeste steek vanaand hul stapstofies op en laat die potjies prut. Die aand word daar vuur gemaak in die kaggel in die sitkamer en nog 'n tydjie gekuier voordat almal moeg, maar gelukkig gaan slaap.



**Sondag oggend** so 8:00 is almal weer gereed en vat die pad. Die kontoere op die kaart laat die sowat 14km redelik maklik lyk. Ook maar weer mistig en klam. 'n Stukkie veld, en dan die sementpaatjie wat opgaan na die monster-hoë radiomaste. Al langs die plantasies langs. Plantasie regs en bietjie natuurlike bos/plantegroei en mooi rotsformasies links, voordat



die skerp afgronde weer begin. Oral mooi alwyne wat intresante fotos maak met die reëndruppels en nattigheid so op die skerppuntblare. Dan ontrent die eerste langer stukke waar ons werklik in plantasies loop. Maar dit het ook sy misterie. Dit reën soms saggies. Mens en natuur. Stilte en reën. Magies. Bos.



Daar is selfs 'n geriefie langs die pad, maar dit is moeilik met die rugsak in die' beknopte spasie. Wilna moes die prentjie net afneem.

Ons stap al langs die plantasies. Nog 'n wonder-oomblik toe ek op 'n tyd alleen loop om die wildeperde van Kaapschehoop daar in die bos te sien. Rustig staan hul net daar en kyk vir my en vreet dan verder. Dan weer in die 'groen band'. Vreemde wêreld met mosse en ligene en korsmosse. Aalwyne en rotsformasies. Vergesigte op die valeie onder ons en bospaadjies. Dan weer 'n bietjie plantasie voordat ons verby die Kaapchehoop begrafplaas loop en deur die dorp na die Kaapchehoophut(S25.58960 E30.77230) waar ons die' Sondagaand sal oornag.



Sommige hak eers vas by 'n kuierplek en raak gou vriende met die vreemdes en kom baie later by die hut aan. (Salvador, wat ek nie persoonlik sal aanveel nie. Beloof 'n groot vetkoek teen 'n groot prys gee net meer as 'n paar byte, en baie stadig, maar buite op die stoep was 'n bord wat mens waarsku om nie flinke diens te verwag nie) Ander stap eers hut toe en gaan eet in die aand in die dorp. Sommige braai sowaar nog 'n vleisie by die hut en ander is op die gastofie en pot-opsie.

Pannekoeke word ook die middag in die dorp gekoop en later by die hut geniet. Die' Sondag middag lyk so bietjie soos Maandag wasdag voor die hut, soos almal probeer om hul klere droog te kry.

Kaapschehoop hut het twee identiese kante, met 'n kuier-kamer tussenin. Elke kant het sy kamer met vier stapelbeddens en dik matrasse en dan aparte baie donker stort en sitplekkie. Agter die hut is 'n opwas-areatjie en die donkie. Ons 16 stappers maak dus die' hut vol. Geen krag nie en geen potte of ander kombuis-toerusting word voorsien nie. Daar is ook 'n onderdak braai en kuier-area so 'n paar tree vanaf die hut af. Sommige kuier nog 'n tydjie die aand om 'n vuurtjie, tot die koue hul ook indryf. 'n Baie netjiese hutjie. Erna het net besluit om onder die enigste lekplek in die dak te slaap en moes haarself net half dubbelvou om redelik droog te slaap.



Maandag oggend besluit Elsabe en Wilna aangesien hul vervoer 10 minute weg in die dorp staan, hulle die dag nie sal stap nie en lê laat om later saam met Erna die pad(kar) te vat. Sanet stap tot in die dorp en wag daar vir Everdt om die stap te voltooi en motor te gaan haal. Louis en Liam neem die kortpad dorp toe en daarna na die motors by Berlin bosboustasie. Die res van die groep neem die paadjie agter die Kaapchehoop hut Op, dit is skielik en steil. Op met meter-plus klippe, en oor gate. Maar 'n wonderwêreld van rotsformasies, aalwyne, alge en ligene, en ander vreemde plantegroei wat in die' mis-weer floreer.

Dan die eerste van 'n paar uitkykpunte oor die uitgestrekte diep valeie hier onder ons. Min of meer teen die rand langs tot by die klein toring. Waar fotos geneem word en uitsigte weer bewonder word.



Dan 'n redelik maklike stappie terug na die Kaapchehoop dorp waar die roete sommer so tussen huise uitkom. Mooi fokus om die regte paadjie weer te kry, weer oor die watersloot, en hoofpad, verby die begrafplaas en dan 'n entjie op met die bosboupad. (Ons stap ietwat anderste as wat die kaart aandui, aangesien 'n stuk bos afgekap is en daarmee saam is die roete nie meer gemerk nie. Die roete-opsigter het wel vir Jannes die alternatief kom vertel die vorige dag.

Dan kry Jannes die baken, die kraglyn en die groter toring. Hier links op onder die kraglyn tot ons weer



Dan kry Jannes die baken, die kraglyn en die groter toring. Hier links op onder die kraglyn tot ons weer

ons wit merkers/voetjie kry. Ons soek Witvoetjie(s). Weer 'n entjie al op die rand tussen plantasie en afgrond. Wat nou al 'n kenmerk van die staproete geword het.

Dan bietjie in, oor 'n vlakte en 'n stroompie en dan bietjie op. Deur nog 'n blok afgekampde plantasie, verby 'n dammetjie met die mooiste weerkaatsings van die bos met herfskleure daaragter. Ek en Jannes moet hier stop vir fotos. Dan nog bietjie op, by die Barrets kamp verby tot by die kantoor by Berlin waar ons motors staan. Gou 'n paar goedjies uitgesorteer en sommige is gou terug na Barrets(gery die keer) om 'n heerlike warm stort te gaan kry sodat ons darm nie ons mede-padgebruikers bang maak so langs die pad terug Pretoria toe nie.




Jannes het die Kaapchehoop deel via Jacana bespreek en die Uitsoekhut en dagstap direk by Komatiland.

Kaapchehoop is nie so 'n maklike roete nie, agv die afstande en die aanhoudende terrein, wat soms voel asof daar op die dele bietjie min afwisseling is, maar oor die algemeen mooi uitsigte en die behalwe Barretswaens wat 'n bietjie instandhouding kan kry, is die huise en hutte baie netjies. Basies, maar skoon en goed. Komatiland vra R105 per persoon per nag vir hul hutte en stappe. 'n Ware winskoop, vir die tipe akkomodasie en uitsigte.



**Finansies:**

- Uitgawes: R6305
- Jacana: 3nagte x 16 persone
- x R105 pppn + Besprekingsfooi(R55) : R5095
- Komatiland (10xR105 vir Uitsoekhut) : R1050
  
- Aanstekers (2 pakkies)ms : : R 32
- 16 Pannekoeke @ Kaapchehoop : R 128
- Inkomste: R6660
- Uitsoek 1 nag (8 lede, 1 nielid) : R1050
- Kaapchehoop 3 nagte (14 lede, 2 nie-lede) : R5610
- Projek surplus: R355



**Stap-Groete**

Marius Stander  
vir Nomades  
Voetslaanklub.



Sien  
[www.nomades.co.za](http://www.nomades.co.za)  
vir klubprogram en  
meer stapverslae.

